## 23.3 RAPPORT 3 – DEPUTATE GEREFORMEERDE PUBLIKASIES – EVANGELISERINGSMEDIA / HOSPITAALLEKTUUR (Art 173)

## 23.3 REPORT 3 – DEPUTIES REFORMED PUBLICATIONS – EVANGELISM MEDIA / HOSPITAL LITERATURE (Art 173)

A. Dr GJ Meijer stel die Rapport.
Dr GJ Meijer tables the Report.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. **RAPPORT / REPORT**

| | |
|---|---|
| **1. Opdrag**<br>Die opdrag is vervat in die Reglement van die Evangeliseringsmediafonds (Acta 2006:766-770). Die administrasie daarvan word namens die Deputate deur die Administratiewe Buro behartig. Aandag is aan onafgehandelde sake van vorige Deputate gegee.<br>**Besluit: Kennis geneem.** | **1. Mandate**<br>The mandate is included in the Regulations of the Evangelism media fund (Acta 2006:766-770). The administration thereof is done by the Admin Bureau on behalf of the Deputies. Attention was paid to unfinished matters of the previous Deputies.<br>**Decision: Noted.** |
| **2. Sake waarvan die Sinode kennis neem** | **2. Matters that the Synod take note on** |
| 2.1 *Afsterwe van br Jannie Earle*<br>Die Deputate moes met leedwese gedurende Oktober 2016 verneem van die afsterwe van br Jannie Earle in 'n tragiese skietvoorval in die kompleks waarin hy woonagtig was. Sy afsterwe het 'n groot leemte by die Deputate gelaat waar hy 'n reuse bydrae gelewer het. Die Deputate het egter besluit om nie iemand anders te koöpteer nie aangesien die termyn binnekort sou verstryk. | 2.1 *Death of br Jannie Earle*<br>The Deputies had to acknowledge with sadness the death of br Jannie Earle in October 2016, in a tragic shooting at the complex where he lived at the time. His death has left a void with the Deputies where he made an enormous contribution. The Deputies however decided not to co-opt someone else as the term would be over shortly. |
| 2.2 *Hospitaal, Pastorale en Evangelisasie lektuur* | 2.2 *Hospital, Pastoral and Evangelism literature* |
| 2.2.1 Die Deputate het verskeie pogings aangewend om predikante en emeriti te vra om 'n Hospitaal, Pastorale en Evangelisasie lektuur te skryf. Reaksie op hierdie versoek het egter min opgelewer en die Deputate het besluit om uit eie geledere lektuur beskikbaar te maak. | 2.2.1 The Deputies have endeavoured in several ways of requesting reverends, and emeriti to write Hospital, Pastoral and Evangelism literature. These requests did not bear fruit and the Deputies decided to provide literature from within the Deputies itself. |
| 2.2.2 Daar is ook aan Setwana en Sesothosprekende predikante gevra vir preke, dagstukkies en ander lektuur. Op hierdie versoek was daar geen reaksie nie. | 2.2.2 Sesotho and Setswana reverends were also approached for sermons, daily devotionals and other literature. This request was met with no response. |
| 2.2.3 "Brood van die Lewe" is deur prof JA van Rooy in Venda vertaal. Daar is 'n | 2.2.3 "Brood van die Lewe" was translated by prof JA van Rooy into Venda. A |

| | |
|---|---|
| klein oplaag gedruk en die boekie is ook op die CJBF-webblad beskikbaar en kan gratis afgelaai word. Die Deputate reël ook om dit vir belangstellendes te laat druk indien nodig. | small number was published and the booklet is also available on the website of the CJBF and can be downloaded for free. The Deputies have also prearranged it so that it may be printed for interested parties if needed. |
| 2.2.4 Die Engelse handleiding van dr PJ Buys vir ouderlinge om hulle te help met die maak van preke is tydens die keuringsproses voorgelê aan prof J Smit (kerkreg) en sy aanbeveling was dat publikasie van dié handleiding in stryd sou wees met die Kerkorde. Daar is dus besluit om nie die boekie te publiseer nie. | 2.2.4 The English manual of dr PJ Buys for elders in order to help them make sermons was submitted to prof J Smit (church polity) during the approval stage and his recommendation was that the publication of this manual would be contrary to the Church Order. It was thus decided not to publish the booklet. |
| 2.2.5 Wyle prof PJ de Bruyn se boek "Salf vir die Wonde" is deur hom opgesom vir plasing op die CJBF-webblad. Hy kon egter nie die werk voltooi voor hy oorlede is nie. Daar is volstaan met die gedeeltes wat hy voltooi het. | 2.2.5 The late prof PJ de Bruyn's book "Salf vir die Wonde" was summarised by him for placement on the CJBF website. However, he could not complete the work before his death. The parts that were finished are viewed as sufficient. |
| 2.2.6 Dagstukkies uit vorige uitgawes van die Almanak wat geskik is as hospitaal-, pastorale- en evangeliseringslektuur is omskep in 3-vou traktate en van geskikte voorblad voorsien. 'n Aantal daarvan (300 elk van 20 traktate) is gedruk en is beskikbaar by die Admin Buro teen 'n donasie. Dit is ook beskikbaar op die CJBF-webblad om gratis afgelaai te word en self gedruk te word. Die beskikbaarheid van die traktate is dmv plakkate by gemeentes geadverteer. | 2.2.6 Daily devotionals from previous editions of the *Almanak* which are suitable for hospital, pastoral, and evangelism literature has been changed into 3-fold leaflets and provided of suitable cover pages. A number of these (300 each of 20 leaflets) were printed and are available from the Admin Bureau for a donation. They are also available on the CJBF website for free download and personal printing. The availability of the leaflets has been advertised in congregations by means of posters. |
| 2.2.7 Twee preekbundels "Go bua Mojadi" (Die Saaier praat) en "Kgomotso ya Mokeresete" (Die troos van Christen) van wyle prof DCS van der Merwe is geskandeer en op die CJBF-webblad geplaas waar dit gratis afgelaai kan word. Twee verdere preekbundels (Morena Jehova wa Bua en Mofao Tseleng ya Moetsadibe – Padkos vir die Sondaar) is in die proses om geskandeer te word. | 2.2.7 Two sermon anthologies "Go bua Mojadi" (The Sower speaks) and "Kgomotso ya Mokeresete" (The comfort of a Christian) of the late prof DCS van der Merwe have been scanned and posted on the CJBF website where it may be downloaded for free. Two additional anthologies ("Morena Jehova wa bua" and "Mofao Tseleng ya Moetsadibe" – Provisions for the Sinner) are in the process of being scanned. |
| 2.3 *Evangeliseringsmateriaal* | 2.3 *Evangelism-material* |
| 2.3.1 Die beplande Taxi-bediening (in Setswana) deur middel van CD's kon nie van die grond kom nie as gevolg van die strukturering in die taxibedryf. Die Deputate oorweeg tans om Evangeliserings CD's beskikbaar te stel asook om kort oordenkings in | 2.3.1 The planned Taxi-ministering (in Setswana) by means of CD's could not be implemented due to the structure of the taxi industry. The Deputies presently, are considering to make Evangelism CD's as well as short contemplations in MP3 format available |

| | |
|---|---|
| MP3 formaat beskikbaar te maak op selfone. Hier word onder andere gedink aan die dagstukkies van prof Nols Swanepoel.<br>2.3.2 Kyk ook 2.2.6 hierbo.<br>**Besluit: Punte 2.1 tot 2.3.2 kennis geneem.**<br><br>**3. Sake waaroor die Sinode besluit**<br>3.1 Die Sinode benoem weer Deputate om uitvoering te gee aan die opdragte soos wat dit in die Reglement beskryf is, sowel as om aandag te gee aan al die sake wat in proses van behandeling is.<br>**Besluit: Goedgekeur.** | on cell phones. Amongst others the daily devotionals of prof Nols Swanepoel are considered for this purpose.<br>2.3.2 See also 2.2.6 above.<br>**Decision: Points 2.1 to 2.3.2 noted.**<br><br>**3. Matters that the Synod decide on**<br>3.1 The Synod once again appoint the Deputies to give execution to the assignments as is described in the Regulations, as well as to pay attention to all the matters which are in the process of being dealt with.<br>**Decision: Approved.** |